IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass. 2

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-02-28

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRüGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 37

(Bladsye 1687 - 1724)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF HERVAT OP 28 FEBRUARIE 1986.

ADOLF BRANDERS, nog onder eed

MNR. BIZOS PLAAS OP REKORD DAT BESKULDIGDE NR. 17 NOG AFWESIG BY DIE HOF IS.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Mnr. Branders, u kan onthou dat ek gister aan u gestel het dat beskuldigde nr. 20 nie op die 21ste te Kroonstad was nie. U kan dit onthou? -- Ek onthou dit, ja.

U het gesê nee, dit was die 21ste en hy is op die 21ste gearresteer? -- Nee, hy is nie gearresteer nie.

Aangehou? -- Nee, ek weet nie of hy aangehou was nie. Ek het hom net daar gesien.

Hy was by die polisiestasie? -- Dit is korrek, ja.

Het hy daar uit sy eie vrye wil gekom of is hy daarheen geneem deur 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie? -- Deur 'n lid van die SAP.

Weet u die rede? -- Nee.

U kan nie sê of sy getuienis dat hy gearresteer is omdat hy 'n UDF T-hemp aangehad het korrek is of inkorrek is nie? -- Ek weet nie. Ek dra nie kennis daarvan nie.

In verband met die gebeurtenis van die begrafnis van die 21ste. Ek wil aan u toon 'n berig in die Star van 22 Februarie 1985. Dit sal BEWYSSTUK AAQ(9) wees. Sal u asseblief die deel van die berig onder "Freedom songs" lees? U kan die hele berig lees as u wil, maar ek is net geïnteresseerd in die polisieweergawe van die gebeurtenis van daardie begrafnis. Sal u dit uitlees, asseblief? -- "A police spokesman said a group of about nine thousand two hundred mourners had gathered at the home of Andrew Makoko at about 10 a.m. and moved to the cemetary singing Freedom songs, waving banners and giving Black Power salutes. The funeral finished at 11.30 a.m.

... / "whereupon

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

whereupon a group of about two thousand barricaded the entrance to the township. Police ordered them to disperse. They fired rubber bullets and used teargas to disperse the crowd. The crowd broke up into groups of about hundred and attacked police vehicles and persons with stones and catapults. More rubber bullets were fired and teargas was used and the crowd finally dispersed. When the crowd moved away and unidentified 14 year old boy with a serious head wound was left behind. He died in the Boipotamela Hospital shortly afterwards. Another 14 year old boy and two women aged 21 and 22 were treated at the hospital for minor injuries. No arrests were made, the spokesman said."

Sover dit daardie deel van die berig betref in verband met die polisie en sover u persoonlike kennis daarvan het, is dit 'n korrekte weergawe van die gebeurtenis daar op die 21ste? -- Ja, behalwe dat hulle meld dat 'n 14-jarige op die toneel doodgeskiet is. Dit is onwaar.

Ek weet nie of die Hof dit nodig vind dat die ander deel van die berig uitgelees moet word of nie, maar ek wil aan u stel dat dit 'n beskrywing deur mnr. Chris More is van die gebeure is by daardie begrafnis en daar is geen melding van die teenwoordigheid van beskuldigde nr. 20 daar nie. Ek wil dit ook aan u stel dat die getuienis van beskuldigde nr. 20, Chris More en andere sal wees dat beskuldigde nr. 20 nie by die begrafnis van die 21ste was nie. Het u enige kommentaar daarop te lewer? -- Al wat ek kan sê is dat hy wel die 21ste daar was. Dit is waar ek hom gesien het.

Is dit al wat u wil sê? -- Dit is reg, ja.

Sal dit korrek wees om te sê dat u geen persoonlike kennis het van die rede vir die moeilikhede wat by die skole was op 11 Februarie 1985 nie? -- Nee.

... / U

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

U het ook geen persoonlike kennis van wie verantwoordelik was vir die organisering van enige optog op die 11de nie? -- Nee, ek het geen bewyse nie.

Ek wil aan u vrae stel in verband met die gebeurtenis van die 27ste. U was weer daar? -- Dit is korrek.

Met verkykers? -- Dit is reg.

En u sê u het 'n Audi motor daar gesien? -- Ja, ek het motors daar gesien.

Het u 'n Audi daar gesien? -- Dit is korrek, ja.

HOF : Is dit die wit Audi?

MNR. BIZOS : Die wit Audi. Kan u vir ons sê wat die registrasienommer van daardie wit Audi was? -- Nee.

Maar het u nie die registrasienommer van daardie voertuig neergeskryf nie? -- Ek het, maar ek kan nie nou onthou nie.

Maar is daar nie ondersoek ingestel in verband met die wit Audi motor nie? -- Ek glo daar was.

Het u of die ander wat die ondersoek gedoen het, vasgestel aan wie daardie Audi behoort? -- As daar 'n ondersoek was, sou hulle vasgestel het wie die eienaar was.

U gee nou getuienis voor die hof dat petrolbomme uit die kattebak van daardie motor geneem is. Is dit nie die getuienis wat u gegee het nie? -- Dit isinkorrek. Ek het nie gesê dit was petrolbomme nie. Ek het gesê dit was bottels met vloeistof in.

Wat wou u te kenne gee aan die Hof toe u daardie getuienis gegee het? -- Dat dit moontlik petrolbomme kon wees.

En u wou die Hof onder daardie indruk laat kom? -- Dit is korrek, ja.

Ek wil van u weet aan wie daardie Audi behoort het? Wie se eiendom was dit? -- Ek weet nie. Ek kan nie onthou wie wie dit is nie.

... / Is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Is die persone aan wie daardie Audi behoort het ondervra in verband met u getuienis dat bottels met vloeistof uit die kattebak geneem is? Is hulle ondervra? -- Moontlik is hulle, maar ek was nie teenwoordig toe dit gebeur het nie.

Ek wil aan u stel dat daardie Audi aan 'n onafhanklike firma van televisie was. -- Moontlik. Ek weet nie.

En dat die persone daar was om hulle werk te doen, as televisiemanne? -- Wel, ek het op geen stadium televisiekameras opgemerk tydens die begrafnis nie.

En dat daar geen bottels in daardie Audi was nie? -- Daar was bottels in die Audi.

Aan wie het u daar onmiddellik gesê "Daar is bottels uit die Audi se kattebak gehaal"? Aan wie het u dit gerapporteer, onmiddellik? -- Ek kan onthou dat ek dit aan ander polisiemanne gemeld het, maar ek kan nie onthou presies wie nie.

Het enige lid van die polisie die Audi agtervolg om getuienis of bewyse in die kattebak te kry dat daar brandstof was? -- Nie waarvan ek weet nie.

As u die persoon was met die verkyker en u sulke belangrike inligting gekry het, kan u vir ons sê waarom u geen kennis dra of die voertuig agtervolg was of nie? -- Die voertuig was tussen die begrafnisgangers gewees. Die polisie meng nie in daar nie. Dit is hoekom ons nie gaan kyk wat daar aangaan nie.

En daarna? -- Die voertuie het uitbeweeg in die Swartwoonbuurt in en daar het 'n klipgooiery plaasgevind. Wat van die wit Audi geword het, weet ek nie.

Hoe lank sou dit geneem het vir die polisie om vas te stel op wie se naam daardie Audi geregistreer is? -- Dit hang af.

As dit 'n dringende saak in verband met die veiligheid van

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die Staat is en dat die bottels miskien gebruik sou vir die brand van polisiemanne se huise en die vermoor van polisiemanne en ander persone, soos raadslede ensovoorts, is dit nie 'n baie ernstige en belangrike saak nie? -- Ja, dit is ernstig.

Omdat ek dit aan u wil stel dat u na die getuiebank gekom het - u hoef nie te glimlag nie. -- Ek glimlag nie.

U het na hierdie getuiebank gekom om getuienis te gee wat onwaar is? -- Ek ontken dit.

En u het 'n deel getuienis gegee om die indruk te skep dat daar 'n verband is tussen die mense daar by die begrafnis en die mense wat die polisiemanne se huise aangeval het? -- Ek wil net meld. Ek was op die begrafnis gewees. Ek het gesien wat gebeur het. Mnr. Bizos, u was nie teenwoordig gewees nie.

Maar ons het verklarings van mense wat wel daar teenwoordig was. -- Ons het ook verklarings.

Soos die persone wat die Audi motor bestuur het? -- Dit is moontlik.

U dra nie kennis daarvan nie? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Volgens die berig in die Star, hoeveel mense sê hulle was daar op die 21ste? -- Eenduisend tweehonderd.

<u>HOF</u> : Dit is die deel wat u die getuie laat lees het, maar is daar nie 'n ander syfer op 'n ander plek nie?

<u>MNR. BIZOS</u> : Ek wil van die ander syfer melding maak.

<u>HOF</u> : Dan moet u hom die eerste paragraaf laat lees.

<u>MNR. BIZOS</u> : Lees net die eerste paragraaf, asseblief? --"An unidentified youth, aged between 11 and 14 died yesterday when police fired rubber bullets and tearsmoke to disperse about eight thousand mourners at the funeral of last week's unrest victim in Seeisoville near Kroonstad."

Wat sê u in verband met die syfer van agtduisend? -- Dit

... / lyk

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

lyk vir my 'n bietjie baie. Ek het nie die mense getel nie. Dit kon moontlik gewees het.

Hoeveel van die duisende mense het UDF hemde gedra?-- Dit is moeilik om te sê. Ek het nie hulle getel nie.

'n Dosyn, tien of twintig? -- Miskien twintig.

En die ander T-hemde wat u beskryf het, hoeveel van hulle? -- Min van hulle. Ek het ook nie getel nie.

Vyf, tien, vyftien? -- Ek sal sê dit was minder as twintig.

Hoeveel mense was daar op die 27ste? -- Omtrent dieselfde hoeveelheid, twee- na drieduisend mense.

Hoeveel van hulle het T-hemde gedra?-- Ek het nie getel nie. Dit is moeilik. Plus-minus twintig of meer.

Dieselfde prentjie as vantevore? -- Dit is korrek.

Hoe ver was u van die begrafnis af op die 27ste? -- Dit is plus-minus vier- na vyfhonderd meter toe.

Kon u sien dat die vloeistof in die bottels amberkleurig was? -- Ja.

Van vyfhonderd meters af? -- Dit was definitief nie deurskynend gewees nie. Dit was donker vloeistof.

Hoekom sê u die bottel was nie deurskynend nie? -- Dit het nie na water gelyk nie, as ek dit so kan stel.

Nee, wat was die kleur van die bottel? -- Glas, lig.

Daar is verskillende kleure van glas, is daar nie? -- Die een wat ek gesien het was 'n Coke-bottel gewees, 'n liter Coke-bottel.

Het u die beskrywing van enige persoon wat die bottels geneem het neergeskryf of een of ander van u polisiekollegas gevra om neer te skryf vir doeleindes van identifikasie?-- Al wat ek gemeld het, was dat die persoon wat uit die voertuig geklim het, 'n UDF T-hemp aangehad, maar hulle is vir my onherkenbaar, ek ken hulle nie.


Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Enige ander beskrywing? -- Geen ander beskrywing nie.

Het u enige stappe geneem of weet u of enige persoon enige stappe geneem het om die persone met die UDF hemde te agtervolg na hulle bottels uit die motor geneem het?-- Ek dra nie kennis nie. Hulle het toe tussen die begrafnisgangers inbeweeg.

Ja, maar as dit net tien of twintig was wat UDF T-hemde aangehad het, sou hulle maklik uitgeken word? -- Moontlik, as jy hulle sien met die UDF hemde, maar hulle het tussen die begrafnisgangers inbeweeg en ons meng nie daar in nie.

Kan u onthou hoe u die bottels verlede keer beskryf het? -- Nee.

I have a note that he spoke of beer bottles, but I have no recollection of that.

<u>COURT</u> : I do not think so.

<u>MR BIZOS</u> : I have a note to that effect.

<u>COURT</u> : I have no note of beer bottles.

<u>MR BIZOS</u> : It is on page 174. I do not see it there, but I have a note to this effect. -- Ek het later gemeld van drankbottels by 'n huis. Dit is wat ek gesê het.

In verband met die mense wat gearresteer is vir die aanval met petrolbomme op die huise van polisiemanne ensovoorts, was u 'n getuie in daardie saak? -- Nee.

As u die kleur van die vloeistof opgemerk het, moes u seker deur die verkyker na een of ander persoon wat daardie bottels geneem het gekyk het? Het u op enige stadium na 'n uitkenningsparade gegaan om een of ander van die persone te probeer uitwys? -- Nee.

Waarom nie? -- Ek meen, dit is 'n ver afstand. Ek kan nie mense deur 'n verkyker uitken as hulle met hulle rûe na my toe staan nie.

... / Maar

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Maar u weet dat mense, gewone mense, dit wil sê nie polisie wat opgelei is nie, partykeer mense by 'n uitkenningsparade uitwys, alhoewel hulle dink dat hulle nie in staat sal wees om dit te doen nie? -- Daar was nie so 'n uitkenningsparade gewees nie.

Ja, maar het u na die ondersoekbeampte gegaan en sê "Kyk, ek het deur my verkyker gesien mense wat T-hemde gedra het, UDF T-hemde gedra het en miskien is 'n paar van die beskuldigdes tussen hulle. Laat ons 'n uitkenningsparade reël? -- Ek het wel so gemaak, maar ek het ook gemeld aan die ondersoekbeampte dat ek hulle nie kan uitken nie. So, daar is geen doel om 'n uitkenningsparade te hou as ek hulle nie kon herken het nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Ek wil net 'n paar kleiner besonderhede opklaar vir myself. U het, as ek reg onthou, gister gesê die veiligheidspolisie ken nie die UDF motorkarre nie. -- Dit is korrek.

Maar u of andere het sekere nommers afgeskryf en uitgevind aan wie die karre behoort? -- Dit is korrek.

Was daar UDF motorkarre onder die nommers? -- Ek is eerlik as ek sê ek kan nie onthou nie. Moontlik. Ek weet nie.

Maar u weet nie of UDF motorkarre as sodanig geregistreer is onder die naam van UDF of onder indiwidue se name of wat die geval ook al is nie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

As u op 'n afstand van honderd-en-vyftig meter of miskien tweehonderd meter deur 'n verkyker kyk na 'n persoon wat u herken op grond van 'n foto wat u gesien het, kan u hom duidelik herken? -- Ja.

As u kyk na beskuldigdes nrs. 19 en 20, sal u hulle op 'n afstand van tweehonderd treë deur 'n verkyker kan uitken?

... / Ek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Ek skat so. Ons het vooraf inligting ook gehad dat Terror Lekota by die begrafnis sal wees.

U het inligting gehad? -- Ja.

Maar het u hom herken gesê "Dit is hy daardie"? -- Ek het hom herken.

<u>GEEN VERDERE VRAE</u>.

<u>MNR. FICK</u> : Die volgende getuie is Pulane Rina Mokoena. Hierdie getuie sal getuienis aflê oor die volgende dele van die akte van beskuldiging. Dit is paragraaf 71(3), dit is bladsy 311 van die akte van beskuldiging. Paragraaf 74(5), dit is bladsy 336 van die akte. Paragraaf 76, dit is bladsy 346 van die akte en verder en dan paragraaf 77, dit is bladsy 353 en verder.

<u>HOF</u> : Net rofweg, waaroor gaan dit?

<u>MNR. FICK</u> : Haar getuienis gaan oor vergaderings wat gehou was van die Vaal Civic Association van VOW, Vaal Organisation of Women, waar van die beskuldigdes betrokke by is en dan die vergadering van 26 Augustus en dan die gebeure van die 3de.

<u>PULANE RINA MOKOENA</u>, v.o.e. (Deur tolk)

<u>MNR. FICK</u> : Die Staat vra dat die Hof haar net ingevolge artikel 204 waarsku op die aanklagte in die akte van beskuldiging.

<u>HOF</u> : Watter aanklagte? Alles?

<u>MNR. FICK</u> : Al die aanklagte.

<u>HOF</u> : Mev. Mokoena, die beskuldigdes staan tereg op aanklagte van hoogverraad, terrorisme, subversie en moord. Die Staat beweer dat u moontlik geïmpliseer word by sekere van die aanklagte en dat ek u dus moet waarsku was 'n medepligtige. U is verplig om die vrae te beantwoord wat aan u gevra word, al sou die antwoorde op daardie vrae u inkrimineer. Indien u eerlik en bevredigend antwoord, het ek die bevoegdheid om u aan

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die einde van die verhoor kwyt te skeld van vervolging op hierdie aanklagte, en ek sal daardie bevoegdheid uitoefen. U is dus verplig om te praat.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is woonagtig te Gebied 7, Sebokeng? -- Dit is korrek.

Sedert Januarie 1984 toe het u betrokke geraak by 'n vroue-organisasie in die Vaal Driehoek, bekend as die Vaal Organisation of Women? -- Dit is so.

U het toe van die vergaderings van daardie organisasie begin bywoon? -- Dit is reg.

Het u aangesluit as 'n lid van die organisasie? -- Ja, ek het.

Hierdie vergaderings wat u bygewoon het, was dit vergaderings wat by huise gehou is, wat in sale gehou is, was dit massavergaderings of was dit net komiteevergaderings of was dit albei? -- Ek het die vergaderings bygewoon wat by die kerke gehou was, sowel as die vergaderings wat in die huise gehou was.

Eerstens, kan u aan die Hof aandui by wie se huise was hierdie Vaal Organisation of Women se vergaderings aangebied? -- Die eerste huis was Edith Lethlake s'n.

Was daar meer as een vergadering by daardie huis? -- Dit was nie bygewoon deur baie mense nie.

HOF : Hoeveel vergaderings was daar? -- 'n Hele paar van hulle.

MNR. FICK : By wie se huis was daar nog vergaderings gehou? -- Ephraim Ramakgula.

Het u vir Ephraim Ramakgula geken vantevore? -- Ek ken hom, want hy is lid van die familie van my man, in die sin as hy my man sien, beskou hy hom as sy oom.

Sien u hom hier voor die Hof vandag? -- Ja, ek sien hom.

... / Watter

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Watter een is dit? -- (Getuie dui aan)

Beskuldigde nr. 9. Was daar meer as een vergadering by sy huis gehou? -- As ek reg onthou was ek twee keer daar gewees.

En het julle by enige ander huise vergaderings gehou? -- Ja, daar was 'n vergadering gehou by my huis.

Hierdie vergaderings, wat is in die algemeen bespreek by hierdie vergaderings? Wat was die onderwerp van die vergaderings? -- Oor die verhoogde huurgelde en die hoë gelde wat op skole betaal word.

Was dit dieselfde mense wat die vergaderings bygewoon het of was die vergaderings wat by die huise plaagevind het elke keer deur ander mense bygewoon? -- Daar was nie baie mense gewees nie.

Die vergaderings wat gehou was, was dit elke keer dieselfde groepie wat oor en oor gekom het of was dit elke keer 'n verskillende klomp mense? -- Die lede van hierdie organisasie van ons het dit bygewoon tesame met ander mense.

<u>HOF</u> : Is daar nou 'n handvol mense of is daar twintig mense of dertig mense? Hoe groot omtrent was die vergaderings? -- By Ephraim Ramakgula, beskuldigde nr. 9, was daar 'n goeie klompie mense. By my was hulle baie gewees.

As u praat van baie, is dit tien, twintig, dertig? -- Ek skat ongeveer twintig.

En by Ephraim, die goeie klompie, is dit 'n bietjie minder? -- Omtrent tien.

<u>MNR. FICK</u> : Is daar by hierdie vergaderings van julle enige besluite geneem in verband met hierdie huur en die skoolfooie? -- Ek verstaan nie? Besluit oor wat?

Is daar enigiets besluit wat julle organisasie gaan doen in verband met die huurgeld wat te hoog is en in verband met die skoolfooie wat so hoog is? -- Ja.

... / Wat

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wat het julle besluit, hoe gaan julle iets daaromtrent probeer doen? -- Ons het probeer om die hele ding goed te ondersoek, aangaande die vermindering van die fooie, soos genoem. Daar is sekere mense wat gesê het dat daar ander persone is wat in staat sal wees om ons te help sodat hierdie goed 'n bietjie ligter word.

Is daar enige besluite geneem by hierdie VOW vergadering van die vrouens of julle gaan praat met iemand in verband met die aangeleentheid, êrens heen gaan om te gaan gesels? -- Wat gesê was is dat daar 'n persoon was wat ons kan help.

HOF : Wie? -- Hulle het gesê die organisasie van UDF is die een wat ons kan help.

Hoe kan hulle julle help? -- Hulle sal vir ons fabrieke bou sodat ons nie sukkel om werk te kry nie, waar ons skoolkinders se kledingstukke gaan kry vir minder geld. Dieselfde met boeke.

MNR. FICK : Is daar enige persone se name genoem wat julle sal help? -- Ja, hulle het gesê nadat ons bymekaar gekom het, in die sin dat ons nou 'n eenheid gevorm het, is die twee manspersone wat ons sal help Oliver Thambo en Nelson Mandela.

HOF : Hoe sal hulle julle help? -- Hulle sal ons kom help in die sin dat hulle sal fabrieke kom bou., Alles sal regkom sodra hulle kom.

MNR. FICK : Kan u aan die Hof aandui wie het van hierdie twee here gepraat wat julle sal kom help? -- Sam Matlole.

Sien u hom hier in die hof?

HOF : Dit is beskuldigde nr. 17. Hy is nie in die hof nie.

MNR. FICK : Ek kan aandui, daar was in die verlede ooreengekom dat My Geleerde Vriend sal erken dit is die persoon. Ek weet nie of hy dit nog wil doen nie.

MR BIZOS : I do not think it will be disputed that they know

... /each

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

each other. There probably will be a dispute about what he said, but I think it can go on record that the witness is referring to accused no. 17.

MNR. FICK : Beskuldigde nr. 17, Sam Matlole, toe hy dit gesê het, wat was die reaksie van die ander m ense? -- Wat my betref was ons tevrede.

Sedert Januarie 1984 het u ook bekend geraak met 'n ander organisasie daar in die Vaal Driehoek? -- Ja.

Wat was die organisasie se naam? -- Ongelukkig kan ek dit nie in Engels sê nie, maar dit was bekend as 'n organisasie (10) vir vroumense.

HOF : Het dit 'n Sotho-naam? -- In Sotho was dit bekend as Legotla labasadi.

MNR. FICK : 'n Organisasie met die naam van VCA, Vaal Civic Association, het u van hom al gehoor? -- Toe ek daar gekom het het ek eers daarvan gehoor.

HOF : Toe u waar gekom het? -- Toe ek by die huis van Edith Lethlake gekom het.

Toe u by Edith se huis gekom het vir die doeleindes van die Vaal Organisation of Women? -- Ja. (20)

MNR. FICK : Het enigiemand aan u verduidelik wat se organisasie is hierdie Vaal Civic Association? -- Ja, Edith Lethlake het gepraat en Matlole het dit ondersteun.

Is dit nou weer beskuldigde nr. 17, Sam? -- Ja.

Hoe is die Vaal Civic Organisation aan u verduidelik? Wat se organisasie is dit? -- Hulle het gesê dit is 'n organisasie wat vir die vroumense staan.

HOF : Is dit nou die VCA of die VOW wat u van praat? -- Ek sal vir u sê, ek weet nie hoe wo rd dit genoem in Engels nie, want ek is ongeletterd. Ek weet as hulle praat van die (30) VaalCivic iets Associ.

... / Dit

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Dit is nou van die Vaal Civic Associ wat u van praat? -- Ja, ek praat van daardie organisasie van vroumense.

MNR. FICK : Daar was op 'n stadium 'n vergadering gereël in Augustus, vir 26 Augustus 1984 by 'n kerk in Small Farms, die Rooms-Katolieke Kerk. Weet u daarvan? -- Dit is reg.

Voor daardie vergadering gehou is, weet u van enige reëlings wat getref is vir die hou van die vergadering? -- Ja, ek weet.

Wanneer was die reëlings getref? -- Ek weet nie wat die datum was nie, maar dit was by Matlole se woning.

Beskuldigde nr. 17. Wie was nog by hierdie huis van Matlole waar die vergadering van die 26ste bespreek is? -- Mphuthi was daar.

Sien u Mphuthi hier in die hof? -- Ja.

Waar is hy? -- (Getuie dui aan)

Beskuldigde nr. 7. Wie nog? -- Ephraim Ramakgula.

Beskuldigde nr. 9. Wie nog? -- Mev. Olifant.

En uself? -- Ja.

HOF : Was beskuldigde nr. 7 tuis? -- Hy het daar opgedaag terwyl ons nog daar gesit het.

MNR. FICK : Toe beskuldigde nr. 17 daar opgedaag het, was die vergadering nog aan die gang gewees of was hy al verby? -- Ons het nog daar gesit en gesels.

In verband met die vergadering van die 26ste of in verband met ander goed? Kan ons net vasstel, toe julle daar gesit het en beskuldigde nr. 17 het opgedaag, het die vergadering al begin of het hy nog nie begin nie? -- Ja, ons was nog besig om te praat.

Oor die vergadering van die 26ste? -- Ja.

Wat het julle besluit van die vergadering van die 26ste, wat gaan daar gebeur? -- Daar was besluit gewees dat 'n

... / luidspreker

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

luidspreker gebruik sou word om mense te laat weet of in kennis te stel van die vergadering wat gehou sal word op die 26ste.

Was daar enige besluite geneem oor wie die voorsitter van daardie vergadering sou wees? -- Ja.

Wie was besluit sou die voorsitter wees? -- Ene Nkopane.

Sien u hom hier in die hof? -- Ja.

Waar is hy? -- (Getuie dui aan)

Beskuldigde nr. 8. Was daar enige besluite geneem oor wie die sprekers op hierdie vergadering sou wees? -- Ja, daar was.

Wie sou die sprekers wees? -- Ek sou 'n spreker gewees het daar.

Wie nog? -- Mev. Olifant.

En? -- En Nkopane.

En nog iemand? -- Sam Matlole.

HOF : Beskuldigdes nrs. 8 en 17.

MNR. FICK : Was daar enige besluite geneem waaroor die sprekers sou praat of kon hulle maar praat waaroor hulle wil? -- Die besluit was dat ons oor die huurgeld gaan praat en die skoolfooie.

Was daar enige besluite geneem oor wat julle oor die huurgeld moet gesels? -- Ja, ons het besluit, want eintlik was die hoofrede om oor die klagtes te praat of dinge waarmee ons nie tevrede was nie.

HOF : Net oor die twee onderwerpe, net oor die skoolfooie en die huurgeld? -- Ja.

MNR. FICK : Was daar enige besluite geneem ten aansien van die raadslede? -- Ja.

Wat was besluit ten aansien van die raadslede?-- Hulle moet van die stoele afstap, want hulle doen nie hulle pligte nie.

... / As

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

As u nou sê hulle moet van die stoele afstap, moet hulle bedank of wat bedoel u? -- Ja, hulle moet "resign", want hulle doen nie hulle werk nie.

Op die dag van 26 Augustus 1984, hoeveel vergaderings het u toe die dag bygewoon in die kerk, by die Rooms-Katolieke Kerk te Small Farms? -- Om 09h00 was ek by die vergadering van die "rate-payers".

HOF : Die oggend? -- Ja.

MNR. FICK : Laat ons nou net eers hierdie "rate-payers" regkry. Wat se organisasie is dit, waar is die organisasie en in watter woongebied? -- Dit is 'n organisasie van Evaton.

Hoe het dit gekom dat u die oggend van die 26ste by die vergadering uitgekom het? -- Sam Matlole het by my woning gekom.

Beskuldigde nr. 17. -- Hy wou my man daar gespreek het. oor die feit dat my man 'n spreker moet gaan wees daar, waarop my man toe geweier het en gesê het dat ek moet gaan.

Het u toe ingestem om te gaan as spreker op die vergadering van die 26ste om 09h00 die oggend? -- Ja.

Kan u aan die Hof aandui die vergadering om 09h00 van 26 Augustus 1984, waaroor het die vergadering gegaan?

HOF : Dit was nou 'n openbare vergadering? -- Ja.

MNR. FICK : Was die kerk vol, was hy half, was daar min mense? -- Dit was nie vol gewees nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Was dit in die kerk? -- Ja.

MNR. FICK : Kan ons net duidelikheid kry. Ons weet dit was nou by die Rooms-Katolieke Kerk. Was dit in die kerk self, of was dit in 'n saal by die kerk? -- Dit was in die saal.

Waaroor het hierdie vergadering gegaan? -- Daar het ons gepraat oor hierdie Blankes wat pype laat insit. Dit is die Blankes wat pype laat insit te Evaton.

... / Weet

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Weet u wat se pype dit is? Is dit stormwaterpype, rioolpype of wat se pype? -- Ek weet regtig nie wat se pype dit was nie. Al wat gesê was was dat dit die pype was wat ondergrond gesit word en as ek moet dink is dit pype bedoel vir water.

HOF : Was dit langs die strate? -- Ek weet regtig nie, want ek self was nog nie daar gewees om te sien wat se pype dit is nie. Of dit langs die strate gesit word of op die persele.

Maar hoe kon u gaan praat oor iets wat u niks van weet nie? -- Ek het net die mense van Evaton gesteun, dit wat hulle gesê het.

MNR. FICK : Waaroor het u eie toespraak gegaan by die vergadering van die "rate-payers"? -- My toespraak het gegaan oor die huurgelde. Ek het myself daar aan die mense voorgestel en gesê ek praat namens die mense van Sebokeng. Ons het lae gelde betaal as huur en dit is verbasend nou dat ons sulke hoë gelde moet betaal vir dieselfde huur.

In u toespraak, het u enige eise gestel in verband met die hoë huurgeld? -- Ek het gesê die huurgeld moet verminder word, want dit is baie geld wat betaal word.

Het u enige melding gemaak van raadslede? -- Ja, ek het. Ek het gesê hulle moet bedank en doodgemaak word, want hulle doen nie hulle werk nie.

Wat was die reaksie toe u dit daar op die vergadering gesê het? -- Die gehoor het net stilgebly en aandagtig geluister, maar net na die vergadering, toe ons nou uit die vergadering uitgaan, het ek opgemerk dat die mense my met die hand kom skud het deur te sê dat ek goed gepraat het.

Kan u vir die Hof aandui wie was die voorsitter van hierdie vergadering van die oggend van Evaton Rate-Payers? -- Mokoena was die voorsitter.

... / Sien

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Sien u hom hier in die hof? -- Ja. (Getuie dui aan)

Beskuldigde nr. 6. Beskuldigde Sam Matlole wat u kom vra het of wat die oorsaak was dat u by die vergadering 'n spreker was, was hy ook by die vergadering die oggend? -- Ja, hy was.

Beskuldigde nr. 17. Was hy ook 'n spreker? -- Ja.

Waaroor het hy dit gehad? -- Hy het ook van die raadslede gepraat dat hulle moet bedank.

Het hy enigiets oor die huurgelde te sê gehad, beskuldigde nr. 17? -- Ja, hy het. Hy het gesê hierdie huurgeld is baie en dit is as gevolg van die raadslede. Hulle moet doodgemaak word en afstap, want hulle moet bedank.

HOF : Kan ek die laaste deel net weer kry? Hulle moet doodgemaak word en? -- Hy het gesê hulle moet bedank en as hulle nie bedank nie, moet hulle doodgemaak word.

MNR. FICK : Beskuldigde nr. 17, het hy voor of na u gepraat? -- Hy het voor my gepraat.

En beskuldigde nr. 6, net volledigheidshalwe wat nou die voorsitter was, het hy ook op die vergadering gepraat? -- Hy was die persoon in beheer van die vergadering.

Het hy net die vergadering beheer? Het hy nie self 'n toespraak gemaak nie? -- Hy was 'n spreker gewees, maar dit was aangaande Evaton.

HOF : So, hy het ook gepraat. Hy was die voorsitter en hy het ook gepraat, maar oor Evaton? -- Ja.

MNR. FICK : Wat omtrent Evaton het hy gepraat? -- Hy het gepraat oor hierdie mense wat die pype ondergrond gesit het.

Was hy ontevrede daarmee of tevrede daarmee? -- As ek dit so moet terugdink, hy was nie daarmee tevrede nie.

Gedurende hierdie vergadering die oggend, was daar gesing? -- Ja, daar was gesing.

... / Wat

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wat het julle gesing? Kan u onthou? -- Morena Boloka Sechaba Sageshu.

Is dit 'n gewyde lied, 'n kerklied of 'n ander tipe lied? -- Dit is eintlik 'n kerklied.

Was daar enige ander liedere gesing? -- Nee.

Wanneer was die lied gesing? Aan die begin van die vergadering, aan die einde, in die middel? -- Na ons gepraat het.

Die middag van 26 Augustus 1984 het u weer 'n vergadering in dieselfde saal bygewoon? -- Ja.

Was dit die vergadering wat julle vantevore gereël het by Sam Matlole se huis, beskuldigde nr. 17? -- Ja.

Het u reg aan die begin van die vergadering opgedaag of was die vergadering al aan die gang toe u daar kom? -- Toe ek daar gekom het, was die vergadering alreeds aan die gang. Nkopane was die spreker gewees.

Is dit beskuldigde nr. 8? -- Dit is die man.

U kom daar in die saal in en hy is die spreker. Wat gebeur toe? -- Toe ek daar ingekom het, het hy gesê "Ja, mev. Mokoena is nou teenwoordig. Sy sal nou praat.

Het u toe 'n toespraak gehou? -- Ja, ek het.

Waaroor was die toespraak? -- Oor die verhoogde huurgelde. Oor die raadslede en die skoolfooie.

Wat van die raadslede het u oor gepraat? -- Ek het ook saamgestem dat hulle bedank en doodgemaak word, want hulle doen nie hulle werk nie.

Laat ek dit net duidelik kry. Het u gesê hulle moet doodgemaak word of het u gesê as hulle nie bedank nie moet hulle doodgemaak word? Hoe het u dit gestel? -- Ek het gesê hulle moet doodgemaak word.

Het u 'n rede gegee hoekom u sê hulle doen nie hulle werk nie? -- Dit het ek gesê ter ondersteuning van Matlole

... / se

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

se toespraak, waarin hy gesê het dat hulle, die raadslede, doen nie hulle werk nie. Wat hulle wel doen is, hulle bring die Blankes se ontevredenhede na ons toe en ons ontevredenhede word nie oorgedra aan die Blankes nie.

